






Die



VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 11 JULIE 1945.

No. 33.

Twee Maande se Volmag Baar Enkel Verwyte

Min. Lawrence Wag Nog Op Stadsrade en Volk op Huise

Dit is al byna twee maande dat min. Harry Lawrence sy volmag ontvang het om huise vir die volk te bou. Intussen het daar in die pers een na die ander verduideliking gekom van hoe min. Lawrence sy volmag gaan gebruik. Maar verder as planne publiseer het dit nog nie gekom nie.

Verlede week het die burgemeester van Durban in die pers aangekondig dat hy reeds geruime tyd wag op die vrystelling van vakmanne uit die leër wat dringend nodig is om huise te bou. Hy het elf name aan die Minister van Demobilisasie gestuur. Die vrystelling van hierdie manne sou Durban in staat gestel het om 100 huise per maand te bou in plaas van 50. Hy het egter nog nooit antwoord ontvang nie en die manne is ook nog nie vrygestel nie.

Hierop het die boukontroleur op sy beurt weer 'n verduideliking aan die pers oorhandig waarin hy beduie dat daar besluit is om manne uit die leër vry te stel sodra daar van al die munisipaliteite verneem is wat hulle behoeftes is. Tot sover is nog net van „een of twee” plaaslike owerhede berig ontvang, het hy gesê. Blykbaar is die boukontroleur so onseker van sy taak dat hy nie eens met juistheid kan sê of dit een of twee is nie, en op hoeveel moet daar nie nog gewag word nie!

Intussen word die behuisingsvraagstuk al dringender. Duisende soldate word uit die leër ontslaan en in baie gevalle moet hul gesinne van die plase af of uit losieshuise na 'n eie huishouding terugkeer. En daar is geen huis nie. Uit Johannesburg word berig dat gesinne opgebreek word as gevolg van gebrek aan woonplek. In een geval word gemeld van 'n oud-soldaat wat met sy vrou en drie kinders in 'n enkelkamer bly en £27 per maand vir kos en inwoning moet betaal.

In Kaapstad het 'n teruggekeerde krygsgevangene na drie jaar se afwesigheid sy vrou en kinders in 'n motorhuis kom aantref.

Sels op die platteland gaan dit ellendig as gevolg van die regering se oorlogsbeleid om noodsaaklike boumateriaal uit te voer en 'n beperking — op een tydstop was dit selfs 'n verbod — te plaas op alle nie-militêre bou-ondernemings. Op Harri-smith b.v. betrek die mense reeds stalle en skure.

Die regeringsparty het, nadat hy sy fout begin agterkom het, gehoop om die toorn van die publiek met partypolitieke beloftes af te wend.

KOMMUNISTIESE MOORDVLOED

Volgens 'n berig van United Press aan Sapa is daar na berekening reeds 20,000 Fasciste sedert die einde van die oorlog in Noord-Italië om die lewe gebring. Hierby is teregstellings wat deur geregshowe gelas is, nie ingereken nie.

Daar word bygevoeg dat onder diegene wat deur die kommuniste vermoor is, 3000 vroue was.

Om homself te red het die Minister nou aan die einde van die rekord-parlementsitting diktatoriale volmag aangevra wat hy binne 'n demokratiese stelsel wil aanwend. Maar hy sal uitvind — indien hy dit nie reeds uitgevind het nie — dat dit beteken om 'n nuwe lap vas te werk op 'n baie ou kleed. Hy bly ingeskakel by 'n lompe en trae geheel — soos nou reeds blyk uit die gesukkel om na twee maande nog op die munisipaliteite te sit en wag met slegs „een of twee” antwoorde tot sover in sy skoot.

Die onderneming kom des te meer verspot voor as onthou word dat die Minister drie maande gelede 'n hele uitval met die munisipaliteite gehad het oor hul gesloer. Hy het beweer dat hulle onderneem het om 12.000 huise voor Junie klaar te hê, maar dat hy twyfel of hulle selfs 1.000 klaar sal hê. Juis daarom het hy die volmag aangevra — en nou is dit maar weer die ou storie oor.

Binnekort sal die volk maar weer op onderlinge verwyte getrakteer word in plek van die broodnodige huise.

Genl. Smuts Sinspeel Op Nuwe Oorlog

„DUISTERE MAGTE IN EUROPA AAN DIE WERK”

Veldm. Smuts het voorverlede Saterdag 'n sombere uitlating in verband met die huidige wêreldtoestand in Kanada gedoen by geleentheid van 'n perskonferensie. Met verwysing na Europa het hy gesê dat „sulke duistere magte is daar ontketen dat ek wonder wat uit dit alles sal uitbroei”.

Hy het beklemtoon dat die wêreld op oorlog voorbereid moet wees, maar hy wou nie sê teen wie hulle moes voorberei nie.

„Daar sal nuwe volke onder die wapen wees, nuwe vyande. Ek sê wees voorbereid, want ek het heelwat meer gesien as wat die individu gesien het”, het hy verklaar.

Genl. Smuts het aan die persmanne gesê dat hulle nie die staatsmanne die skuld vir dit alles moet gee nie. „Julle, die pers, het sake net soveel verbrou as ons”.

Sapa berig in hierdie verband dat Suid-Afrika se verdedigingsmag op die hoogste peil van doeltreffendheid gehandhaaf sal word. „Enige gedagte wat by Suid-Afrikaners bestaan het dat die einde van die oorlog teen Japan die outomatiese ontbinding van die Unie se gewapende magte sal meebring totdat hulle die geringe afmetings van sy tuisverdediging voor September 1939 bereik, moet verban word uit enige realistiese benadering van die eise vir veiligheid in die toekoms”.

dubbelreg

1. VERMENG VAN DIE BESTE BLAAR.
2. DIE ALLERBESTE MANIER RYPGEMAAK.

• Ook U kan hierdie buitengewone genot en tevredenheid smaak.

DROSDY - TABAK

IN OU WYNVATE BELEË

Politici Maak Van Onderwys Ook Speelbal

Die oneerlikheid van die partypolitiek het hom verlede week nogmaals geopenbaar toe die provinsiale administrasie van Kaapland besluit het om die deur oop te gooi vir die invoer van Engelse onderwysers.

Daar sal onthou word dat die provinsiale verkiesing van 1943 gevoer is oor die kwessie van tweetaligheid in ons skole. In die geesdrif vir hul tweetalige beleid het die Kaapse provinsiale raad verlede jaar toe 'n ordonnansie aangeneem wat studente in opleidingskolleges verplig om 'n tweetaligheidsertifikaat te verower voordat toegelaat sal word om onderwys te gee.

Die verkiesing is gewen op hierdie beleid van tweetaligheid, dog binne twee jaar skaf die beherende politici hulle beleid weer af ten einde 'n aantal rou Engelse uit die buiteland in te voer. Skielik is tweetaligheid nie meer 'n vereiste nie, hoewel die beperking nog vir Suid-Afrikaners geld. As jy 'n eentalige Engelsman van oor see is, is dit opvoedkundig en kan jy skoolhou, want dit is 'n versterking van die politieke belange van die regeringsparty, maar 'n swak-tweetalige Afrikaner is 'n struikelblok vir die opvoeding, want hy kan dalk dien as versterking vir die opposisie-party! So beheers partypolitiek ons hele volkslewe — dit maak 'n speelbal daarvan.

Grasvlekke kan van wit stowwe verwyder word deur dit met water en ammonia af te spons.

Vet Mense „Sterf van Honger”



Bostaande afdruk van 'n foto wat op 29 Mei in Ons Land verskyn het — klaarblyklik per abuis, aangesien die blad nie die blok later aan Die O.B. wou oormak nie — stel, volgens die onderskrif gewese gevangenes voor van die „onwelriekende helkamp by Dachau”, waarin 9,000 mense van honger of siekte sou omgekom het, net voordat hulle bevry is.

Die volmaan-gesigte is 'n verdere bewys dat die mense nie van honger gesterf het nie, maar klaarblyklik omgekom het aan 'n gevreesde Russiese siekte wat kort gelede deur 'n Duitse verpleegster in Die O.B. beskryf is, en wat gekenmerk word deur 'n uiters aanstootlike reuk.

Duitse Vroue Deur Negers Laat Aanrand

Volgens 'n berig van Sapa-Reuter het 'n Amerikaanse senator die Franse leërowerheid daarvan beskuldig dat hy Senegalese en Berbertroepe, d.w.s. kaffertroepe, toegelaat het om „duisende Duitse vroue in Stuttgart aan te keer en misdadig aan te rand”.

Ná die vorige wêreldoorlog het die Franse hierdie selfde soort misdaad teenoor tienduise Duitse meisies laat pleeg, en honderde het hulle toevlug tot selfmoord geneem.

'n Latere berig meld dat skakel-beamptes in Stuttgart verklaar het dat „na hulle meen, geen insidente van die aard voorgekom het nie”.

(Vervolg van volgende kolom)
mense in 'n Brooklyn-losieshuis deur twee ou vroue wat gif in wyn gegooi het, is deur baie lede van die koninklike familie gesien. Koningin Mary was die laaste een wat dit gesien het”.

PERSDIKTATOR

Die party-dissipline oor die Nasionale Pers is die afgelope week aansienlik verskerp deur die benoeming van 'n persdiktator in die persoon van dr. Geyer. Hy sal bekend staan as hoofredakteur van die Nasionale koerante en moet toesien dat die verskillende H.N.P.-blaaië uit een mond praat. Van die sogenaamde stem van die volk en vrye pers kom steeds minder tereg onder die diktaat van die partypolitici.

MAATSKAPPY I.P.V. REPUBLIEK

Die Burger kondig aan dat daar 'n maatskappy gestig is om die Republikeinse Strydfonds te beheer en te administreer. In 'n breë uiteensetting word o.a. ook verklaar dat die maatskappy gemagtig is „om besigheids-transaksies aan te gaan soos gewoonlik deur maatskappye aangegaan word. Hy mag vaste eiendom verkry, verkoop, verhuur, ens.”

Mense wat bygedra het tot die fonds, hou glo net duim vas dat die transaksies van „verkoop” en „verhuur” nie betrekking op die republiek self het nie. Hulle reken dat dit al erg genoeg is dat met die geld besigheid „soos gewoonlik” gedryf word in plaas van om 'n republiek daarmee los te skiet. (Die eerste poging om so 'n fonds te stig, het van „silwer koeëls” gepraat).

OGIES IN DIE NUUS

BRITSE VLOEKWOORDE WORD IN V.S.A. VERDUN

Britse rolprente word nog steeds in Amerika verbied weens vloekwoorde wat daarin voorkom. Die jongste slagoffer, so word berig, is 'n werk van Shakespeare, „Henry V”, en voordat dit in Amerika vertoon mag word, moet 'n paar aanstootlike tonele deur beteres vervang word. In 'n ander rolprent moet o.a. die woord „hell” vervang word deur „Heck”.

Onthou sal word dat die Amerikaanse sensorens 'n tyd gelede die woede van die Engelse pers op hul hals gehaal het toe hulle 'n ware opname van die Britse vloot afgekeur het weens die baie vloekwoorde daarin. Die pers het betoog dat dit immers 'n ware opname is!

KOMMUNISME 20 JAAR LANK BEVEG MET WOORDE

Op 'n vraag aan Die Kruithoring deur een van sy lesers wat die Nasionale Party al gedoen het om kommunisme te beveg en sedert wanneer hy dit doen, het die blad geantwoord: „Die Nasionale Party beveg kommunisme sedert ongeveer twintig jaar gelede, toe die Komintern begin het om aktiewe kommunistiese propaganda in Suid-Afrika te maak”. Die blad voeg o.a. daaraan toe dat die Nasionale koerante „tienduiseende ponde” bestee het aan artikels teen die kommunisme.

Dit is presies die Ossewabrandwag se beswaar teen die partypolitieke metode van stryd. Die Nasionale Party veg al „ongeveer twintig jaar” teen die kommunisme en het „tienduiseende ponde” aan woorde bestee, maar nog alles tevergeefs.

Wat meer is, die Nasionale Party het tien van hierdie twintig jaar aan bewind van die land gestaan, en nou moet hulle hul toevlug neem tot 'n uniale kongres! Nog meer woorde!

„AANGENAME VAKANSIE” SÊ OUD-MINISTER

Adv. Oswald Pirow skryf as volg in sy nuusbrief na aanleiding van mnr. Sullivan se verwyt dat die parlement niks in verband met maatskappike beveiliging gedoen het nie: „Raadslid Sullivan dink nog altyd dat die Parlement daar is om landsbelange te behartig. Hy vergis hom! Die funksie van die Parlement is om Raadslede 'n aangename vakansie by die see te gee, om hulle in die geleentheid te stel om lekker te stry en op ander wyses onderhoudend besig te hou. Vir die wat ernstiger van geaardheid is, is daar moontlikhede om iets ekstra te „verdien”.

Adv. Pirow, wat self jare in die parlement deurgebring het, behoort te weet waarvan hy praat.

KONINKLIKE BELANGSTELLING

Die volgende is uit 'n berig uit Londen insake die rolprent „Arsenic and Old Lace”: „Die prent, wat handel oor die moord van dertien (Vervolg in vorige kolom)

SPREKENDE BEWYS . . .

DIE aandeel van VOLKSKAS word steeds vinniger deur die publiek opgeneem: 'n sprekende bewys van die groot publieke vertroue wat die Bank geniet. Sedert 1 Maart 1941 — die datum waarop VOLKSKAS tot die handelsbankwese in Suid-Afrika toegetree het — is daar byvoorbeeld op 785,000 VOLKSKAS-aandeel ingeskryf waarop 'n bedrag van £559,000 gestort is. Tans is daar nog slegs 93,000 aandeel waarop ingeskryf kan word alvorens die gemagtigde kapitaal van £1,000,000 volskryf is. Persone wat nog voornemens is om op VOLKSKAS-aandeel in te skryf, word aangeraai om sonder verwyl 'n prospektus aan te vra waarin volle besonderhede uiteengesit is. Sodanige prospektusse is by die Hoofkantoor asook alle takke van die Bank verkrygbaar.

VOLKSKAS BEPERK


GEMAGTIGDE KAPITAAL	£1,000,000
INGESKREWE KAPITAAL	£907,008
GESTORTE KAPITAAL	£616,543



Die Volk se Bank

HOOFKANTOOR:
SENTRAALSTRAAT
PRETORIA

UITSKOP-BELEID



BRANZ JAECKEL

H.N.P.-UITDUNNING VERLOOP GLAD

Dr. Malan het 'n geniëpsige blou-tjie in Kaapland geloop met sy uitskopbeleid, na Die O.B. uit verskillende kante verneem. In opdrag van die hoofraad van die H.N.P., moes takke op 15 Junie alle O.B.-lede uitskop wat nie die Volksbeweging in die steek wil laat nie. Na 'n harde veldtog van verdagmaking en mooi-praat — vooraanstaande lede van die party het selfs huisbesoek by O.B.-offisiere afgelê in 'n poging om hulle te oorreed om hulle maar liever nie te laat uitskop nie — het die valbyl neergeslaan op die nek van die H.N.P. self. Die ontnugtering was pynlik, want, soos almal kon voorspel, het geen O.B.-lid hom laat beweeg om ontrou jeens sy kamerade te pleeg vir die gerief om aan 'n uitgediende stelsel te behoort nie. Intendeel het etlike kommando's die afgelope tyd van vooruitgang gerapporteer. In Transvaal het selfs etlike nuwe generaalskappe tot stand gekom as gevolg van toenemende groei. In werklikheid was meeste kommando's so besig met fondsinsameling in verband met O.B.-dag, dat hulle nouliks bewus was van die selfmoord-manewales van die Herenigde politici.

Al resultaat vir die H.N.P. is dat hulle tans in Kaapland aanmerklik swakker staan as voor 15 Junie, want waar hulle nog altyd die geldelike en morele steun van duisende O.B.-lede geniet het, kan hulle na hierdie optrede selfs nie eens meer op hul stemme reken nie.

Leke-Politici op Wetenskaplike Onderzoek

Hoewel nog nie die toppunt nie, is dit darem baie hoog op die leer van partypolitieke swaksinnigheid dat die Minister van Lande hierdie maand 'n uitgebreide ondersoek gaan instel na die moontlikhede van die Schwartz-skema in die Kalahari, en nege leke-politici met hom saamneem as belanghebbendes by die wetenskaplike ondersoek. Teenoor hierdie tien politici, wie se enigste kwalifikasie hul loyaliteit teenoor die regerende party moet wees, word slegs die name van twee ingenieurs van die Departement van Lande genoem as reisgenote op die heerlike vakansietog.

Die berig in die Engelse pers meld dat die geselskap toestande sal „bestudeer”!

As 'n tapyt, veral gangtapyte, aan die kant omkrul, maak die omkrulplekke papnat waar dit lê en laat dit so droog word. Wanneer dit droog is, sal die tapyt weer gelyk lê.

Stadsrade Vrees Partypolitiek

„Ordentlikheid Sal Verdwyn Uit Administrasie,” Sê Lid

Die stadsrade veg nog met alle mag teen die invoering van die verderflike partystelsel in stadsaangeleenthede. Die uitvoerende bestuur van die Transvaalse munisipale vereniging het 'n besluit aangeneem dat alles in die werk gestel behoort te word „om die invoer van die partypolitiek in die verkiesings van plaaslike besture te keer”.

Mnr. Irving Steyn van Springs het gesê dat indien partypolitiek tot die terrein van plaaslike besture toetree, samewerking en doeltreffendheid van optrede daaronder sal ly, terwyl in baie rade die toestand haas onhoudbaar sal word. Partypolitiek hoort nie tuis by plaaslike besture wat uit die aard van die saak met die intieme huishoudelike vraagstukke van die gemeenskap gemoeid is nie. Dit sal onder meer beteken dat die partybase die werk van die besture sal beheer.

Mev. A. J. E. Nel van Potchefstroom het verklaar dat sake aangepak of links gelaat sal word alleen op grond van hul politieke waarde en die gemeenskap as geheel sal daarop ly. Dit sal trouens die verdwyning beteken van ordentlike administrasie.

As daarop gelet word hoe die partypolitiek in die parlement hom net besig hou met vraagstukke waarin daar propagandawaarde vir die een of ander party steek, en verder alle ander vraagstukke links laat lê, is die waarskuwing van mev. Nel baie raak. Grondverspoeling is by voorbeeld een van die grootste vraagstukke in ons land, maar omdat daar nie veel partypropaganda in steek nie, draf die politieke partye maar wye draaie daaromheen.

Tiervlei Mik Vir O.B.-Dag Hoog

Die Vroue-kommando van Tiervlei is vanjaar vasberade om die hoogste bedrag vir O.B.-dag in te samel in Gebied A. Die vroue is net baie bedrywig.

Op 9 Junie is 'n gesellige aand gehou deur kpl. Exbach en £4 is ingesamel. Op 23 Junie is weer 'n gesellige aand gehou by mev. Neethling en ten spyte van die geweldige oorstromings wat Tiervlei moes ondervind, was sowat 30 gaste die aand teenwoordig. Nadat pampoenkoekies vir 'n plaasvervanger van die gewone pannekoek aangebied is en 'n silwerkollekte gehou is, kon mev. Neethling die bedrag van £5-17-6 toon as 'n blyk van goeie ondersteuning. Wat veral opmerklik is in die laaste paar maande is die aantal nie-lede wat altyd die funksies bywoon. Wat Tiervlei se Vroue-kommando betref, is dit seker dat ander kommando's hulle sal moet roer. — (Ingestuur).

RADIO-REPARASIES

en LUIDSPREKER-DIENSTE

Verandering en verbou van draadlose word onderneem. Verbou van draadlose van A.C. na D.C. of andersom. Ombou van batterystelle na elektriese of elektriese na battery.

P. D. SMUTS

A.M.N. Inst. E.


Hoofstraat 287 — PAARL.

Vrystaatse Generaals

Genl. P. J. Hendriksz van Mar-guad, wat drie maande sonder verhoor in die tronk aangehou was, doen onderstaande oproep:

„Streef Afrikaner-ideale na deur 'n stelsel voor te staan wat sal toesien dat ons volk gesond sal voortbestaan en ontwikkel; deur te belet dat een groep van die gemeenskap die ander gaan uitbuit.

In 'n regeringstelsel wat sal toesien dat almal werk, en dat die wat werk, kan leef soos nodig vir die gesonde voortbestaan van ons volk; in so 'n stelsel alleen het ons vertroue.



Genl. Hendriksz.

Laat almal iets hê, dan sal niemand gewillig wees om niks te hê nie, en dan het die kommuniste niks te sê nie.

Dien en doen sodat met 8 Aug. 1945, die O.B.-fonds so gesterk word dat omsendbrief 1 van 1941 tot verwesenliking gebring kan word. Ons beleid soos omskryf in gemelde brief was reeds deur die ganse volk met enkele uitsonderings aanvaar. Die O.B. het gedoen en gediens; en sal dien en weer en nog doen, om te dien as die instrument tot verwesenliking van Gods doel met die volksplanting hier aan die punt van Donker Afrika”.

REISPLAN

KOMMANDANT-GENERAAL

Dr. J. F. J. van Rensburg

IN GENERAALSKAP F2 (J. P. S. ROSSOUW)

DENDRON	MAANDAG, 16 JULIE, 10 v.m.
PLATKLIPFONTEIN	MAANDAG, 16 JULIE, 2 n.m.
PIETERSBURG	MAANDAG, 16 JULIE, 7 n.m.
ROTTERDAM	DINSdag, 17 JULIE, 10 v.m.
POTGIETERSRUST	DINSdag, 17 JULIE, 7 n.m.
WELGEDACHT	WOENSDAG, 18 JULIE, 10 v.m.
SWARTWATER	WOENSDAG, 18 JULIE, 7 n.m.
KAAPSE VLAKTES	DONDERDAG, 19 JULIE, 10 v.m.
ELLISRAS	DONDERDAG, 19 JULIE, 3 n.m.
VAALWATER	VRYDAG, 20 JULIE, 3 n.m.
NYLSTROOM	SATERDAG, 21 JULIE, 2.30 n.m.



**NEEM TOE IN
POPULARITEIT**



IN 'N VERANDERENDE WERELD

Kommando
-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BN2274

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS
U SAL DIE SNIT
EN STYLE WAARDEER

Steyns

DIE DAMESWINKEL
PAROW

AANDAG!!!

Vanaf 1ste Junie
handel
SPRINGBOK-MEUBELS
as
UNIKA MEUBELS

(EIENS.) BPK.
Huis en Kantoor-Meubileerders

VIR MEUBELS VAN
KWALITEIT EN PRAG

Victoriaweg 171
Woodstock

Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat,
PAARL — Foon 929

DIE O.B., WOENSDAG, 11 JULIE 1945.

Genl. Smuts se Keuse

Tesame met 'n erkenning dat die staatsmanne en die pers sake verbrou het, het genl. Smuts in Kanada, 'n paar dae ná onder-tekening van 'n dokument wat dan die vrug van die sesjarige „heilige” oorlog moes omvat, gewaarsku dat sulke „duistere magte” in Europa ontken is, dat hy wonder wat alles daaruit gaan broei.

Mens weet nie wanneer genl. Smuts tot hierdie ontdekking gekom het wat ons en ander die afgelope paar jaar voorsien en teen gewaarsku het nie. Dit mag die ontsettende moordsleep in Italië en elders wees waar kommunistiese gepeupel hoogty vier, of dit mag die opeising van Sowjet-Rusland in Middellandse See-aangeleenthede wees, of albei. Want die een soos die ander is gerig op die ondergang van die Westerse beskawing.

Vir ses jaar lank het die staatsmanne van die weste sake verknoei deur hul kragte te mobiliseer teen die enigste wal wat tussen hulle en die oosterse bedreiging gestaan het. Hulle het toegelaat dat die Joodse pers hul volke waansinnig maak met haat teen alles wat Duits is — tot so'n mate dat die Geallieerde leer-leiding vandag nog nie kan waag om 'n beleid van menslikheid in Duitsland aan te kondig nie, al doen die Russiese regering en pers dit geruime tyd al terwille van politieke oorwegings. Genl. Smuts is dus volkome reg as hy die skuld vir dit alles plaas op die skouers van die pers en die staatsmanne.

AAN DIE WERK

Onderlinge verwyte sal egter niks baat nie, net so min as wat blote verwondering oor wat gaan uitbroei uit die ontketende magte die wêreld gaan red van daardie onheile. Die tyd het aangebreek dat genl. Smuts, indien hy iets meer vir die wêreld wil beteken as om 'n blote simbool te wees van die Britse Ryk — soos hy in Kanada bestempel is — of peetvader van onwerklike vredesdrome, aan die werk moet spring om te red wat daar nog uit die kokende pot gered kan word. Genl. Smuts het sy eie land laat buig in 'n poging om die demokrasie vir Europa behoue te laat bly soos ander staatsmanne elders gedoen het. Nadat hy drie maande lank in San Francisco gewerk het om die vrugte van daardie spanning tot rypheid te help bring, moet hy erken dat daar in Europa 'n ander vrug aan die rypword is wat radikaal verskil van wat hulle voor gestry het. Europa is vir die demokrasie vir goed verlore. Dit is wat genl. Smuts moet erken tesame met sy skuldaanvaarding vir verbroude sake. Maar dan sal hy ook nog moet erken dat om iets van die beskawing te red, daar ook vir goed gebreek sal moet word met die oue wat selfs deur sesjarige wapengeweld nie gehandhaaf kon word nie.

SY KEUSE

Genl. Smuts staan vandag voor die keuse om te breek met 'n verlede wat dreig om in rook en damp te verdwyn of om self te verdwyn in die onwerklikheid van sy drome. En hy kan dit waag om weg te breek, want in hierdie uur van wêreldskommeling waar die keuse versmal is tot dié tussen lewe en ondergang, kan daar nie meer vrees of plek wees vir verwyte en skimpe nie — slegs dankbaarheid.

Genl. Smuts het halfpad erken dat sake verbrou is. Laat hy die volle erkenning doen dat sake ook net gered kan word deur 'n totale verandering van die ekonomiese, staatkundige en maatskaplike stelsels van die huidige demokrasie, tesame met 'n vernuwning van die menslike gees.

Optrede Teen Kommunisme Sal Demokrasie Laat Verdwyn

'n Duidelike voorbeeld van die beliste keuse wat daar vir elke volk in die wêreld vandag lê — dié tussen kommunistiese sosialisme en die een of ander vorm van nasionale sosialisme, het hom verlede week in Kaapstad voorgedoen. 'n Aftredende Sap-voorsitter van die Skiereiland het teen die kommunisme gewaarsku. Hy het gesê dat hy die toename van die kommunisme onder die nie-blankes as 'n baie ernstige bedreiging beskou.

Die Cape Argus het hom toe in 'n hoofartikel te lyf gegaan met die berisping dat sulke uitlatings net in die hande van die ondemokratiese groepe speel. „Die gewelddadige onderdrukking van alle linkse bedrywighede was eie aan die leerstelling van Hitler en Mussolini”, beklemtoon die blad. En daarom moet demokrate, as hulle demokrate wil bly, nie praat of optree teen die kommunistiese gevaar nie — al het dit „in die afgelope jare baie volgelingen dwarsdeur die Unie gewen”.

In hierdie standpunt van die blad lê stewig opgesluit die erkenning dat die demokrasie magteloos staan teenoor die kommunisme, want tree hy op, slaan dit oor in die enigste redmiddel — nasionale sosialisme of iets daaraan verwant, en dit beteken die verdwyning van die parlementarisme en partypolitici.

In hierdie standpunt van die blad lê stewig opgesluit die erkenning dat die demokrasie magteloos staan teenoor die kommunisme, want tree hy op, slaan dit oor in die enigste redmiddel — nasionale sosialisme of iets daaraan verwant, en dit beteken die verdwyning van die parlementarisme en partypolitici.

RUSLAND MARSJEER VOORT

Rusland is na die wapenstilstand nog met alle mag besig om 'n stewige vastrapplek oor die hele Europese vasteland te verkry. In die afgelope week het daar veral drie bewegings van die kolos gekom wat groot kommer moet baar by die Angelsaksiese staatsmanne.

● In Midde-Europa het die Russiese kolos 'n snelle en aansienlike stap vooruitgegee deur groot gedeeltes van Duitsland te beset wat voorheen deur die Amerikaners en Britte beset was. Op sommige plekke het die Amerikaners tot meer as honderd myl moes terugval, terwyl die Engelse 'n groot gebied aan die Oossee moes afstaan.

Hierdie uitbreiding verskaf aan die Sowjet 'n oorheersende posisie in die Oossee, veral daar hy reeds op eie houtjie kort na die wapenstilstand die belangrike eiland Bornholm ten suide van Swede beset het. Montgomery het indertyd opdrag gegee dat Britse troepe die Russe op die eiland moet gaan „versterk”, maar die versterking is deur die Russe self uitgevoer.

● Op die oomblik is Rusland in onderhandelinge met Turkye om beheer van die Dardanelle — die deurgang tussen die Swart- en Middellandse See. Hy eis dat hierdie deurgang oop moet wees vir Russiese en Turkse oorlogskepe, maar gesluit vir alle ander lande. Voorheen was dit, kragtens internasionale ooreenkoms, vir alle oorlogskepe in tyd van oorlog gesluit. Turkye het hom op Engeland beroep, wat groot belang het by die geskil, aangesien die Russiese eis 'n bedreiging vir die Britse heerskappy in die Middellandse See inhou, wat van groot belang is vir die Britse Ryksverbinding.

● Die derde stap is Rusland se onverwagse eis om geraadpleeg te word in verband met die posisie van Tanger aan die Straat van Gibraltar verlede week, waarmee hy die same-sprekings tussen Amerika, Engeland en Frankryk op die laaste oomblik in die wêreld gery het. Die Russiese kolos eis dus nou mede-seggenskap nie net in die oostelike Middellandse See nie, maar ook in die westelike deel daarvan.

En intussen spog Stalin dat hy die sterkste leer in die wêreld besit.

Afgesien van hierdie strategiese ontwikkelings, het Rusland ook nog 'n eersterangse politieke oorwinning behaal deur Engeland en Amerika se erkenning van die kommunistiese Poolse regering wat in Moskou saam-gestel is. Die Poolse regering in Londen, in wie se belang Engeland ses jaar lank geveg het, se besittings is reeds beslag op gelê. Hy het verdwyn in belang van Stalin.

Kleurlinge Steun Segregasie

'n Vereniging van kleurlinge is verlede week in Kaapstad gestig onder die naam Nasionale Kleurling-unie, en omvat die goed ontwikkelde lede van die kleurlinggemeenskap.

Op die stigtingskonferensie is oor die algemeen 'n baie billike en verstandige houding ingeneem, en die konferensie het hom sterk ten gunste van segregasie uitgespreek. Verskeie sprekers het gepleit dat segregasie nie net tussen blankes en kleurlinge nie, maar veral ook tussen naturelle en kleurlinge konsekwent deurgevoer moet word. Hulle besef, so is verklaar, dat die kleurling 'n eie roeping het wat hy bes kan vervul indien hy op sy eie terrein die vryheid vir ontwikkeling het.

BRAAIVLEISAAND

te

Eikenhof — Brackenfell

(Korp. Marie se Plaas)

op

Saterdag, 14 Julie

om 7 n.m.

Toespraak:

Genl. J. de Vos.

Alle belangstellendes welkom!

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE ADJUNK-KOMMANDANT-GENERAAL

GENERAAL J. A. SMITH

spreek die volgende OPENBARE VERGADERINGS toe:

CERES DINSdag, 17 JULIE, om 8 n.m.

PORTERVILLE . . WOENSDAG, 18 JULIE, om 8 n.m.

Plek van vergadering sal plaaslik bekend gemaak word.

ALLE BELANGSTELLENDEN WELKOM!

KIMBERLEY-DISTRIK

SENATOR RAUBENHEIMER, GENERAALS DE JAGER en GROBBELAAR spreek die volgende OPENBARE VERGADERINGS in verband met die hangende tussenverkiesing in KIMBERLEY toe:

ANDALUSIA	27 JULIE, om 7 n.m.
BARKLEY	28 JULIE, om 7 n.m.
DOUGLAS	30 JULIE, om 7 n.m.
HERBERT	31 JULIE, om 7 n.m.
MODDERRIVIER	1 AUGUSTUS, om 7 n.m.
KIMBERLEY	2 en 3 AUGUSTUS, om 7 n.m.
WARRENTON	4 AUGUSTUS, om 7 n.m.

Kommuniste Vir V.S.A. 'n Gevaar - Wettig By Ons

„Die Amerikaanse kommuniste het hul ideale om die kommunisme in die Verenigde State te vestig, nie verander nie, en as hulle kan, sal hulle indring in die gewapende magte op wie ons vir ons veiligheid staat maak". Dit is die bevinding van 'n kommissie van ondersoek wat so pas 'n voorlopige verslag uitgebring het in Amerika oor die kommunistiese gevaar.

Die kommissie het bygevoeg dat hierdie kommuniste voor die oorlog met geldelike hulp van oor see oral in die land besig was. „Hierdie groepe vasberade kommuniste sal voortgaan met of sonder hulp van buite om so'n omwenteling te bewerkstellig wat Lenin se droom sal verwesenlik. Hulle sal vir niks stuit nie.

Amerika het 'n ondersoek na die kommunisme nodig geag. In Suid-Afrika, egter, sê dr. Colin Steyn, is die kommuniste 'n wettige party!

Kommando - Kaapstad (A1a2)

'n Funksie ter stywing van Fondse vir 8 Augustus

word gehou

IN DIE KOMITEEKAMER
GROOTE KERKGEBOU
KAAPSTAD

op

VRIDAG, 13 JULIE 1945
om 7.30 n.m.

Alle soorte Gebak, Speletjies en Kompetisies.

BRING U VRIENDE MEE!

POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



Hoofgeneraal RUD. MEYER,
Greytown, Natal.

Op 12-jarige leeftyd reeds kennis gemaak met die Empire-draadkampe (Volksrust, 1901-1902). Lid van die eerste Grootraad. In hegtenis geneem op 21 Aug. 1940, vir 2 dae en 3 nagte in 'n Johannesburgse tronksel gestop, daarvandaan vir internering na Leeukop, Ganspan en Koffiefontein vir 2 jaar en 1 maand. Nog steeds op plaasarres. Hy staan nog onbeweeglik.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie”.

PAD LÊ OOP VIR O.B.

Beleid Word Oral Verwelkom

Gedurende Juniemaand het Voorligtingsoffisier, hoofkomdt. W. R. Laubscher, 'n besoek gebring aan die afdeling van genl. Reenen de Villiers. Hy het o.a. Carnarvon, Loxton, Fraserburg, Victoria-Wes en Prieska besoek. Komdt. Laubscher se besoek het heelwat belangstelling verwek en oral het mense gretig kom luister na die beleid en koers van die Ossewabrandwag.

Komdt. Laubscher het gewys op die kommunistiese wêreldgevaar en aangetoon dat een van die belangrikste gevolge van die pas afgelope worstelstryd in Europa die kragtoename van kommunistiese Rusland is. Voorts het hy die wese van die kommunisme geskets en die betekenis van hierdie bedreiging vir blank Suid-Afrika aangedui. Die kommuniste met sy opruiing tot revolusie en oproer bedreig die vrede in ons land. Die goddelose aard van die kommunisme verberg sy woordvoerders agter die rookskerm van agitatie teen die onhebbelike naweë van die uitbuitende kapitalisme.

Ineengeveg met die kommuniste staan in ons land die front van politieke partye. Die regerende party skep die naweë waarmee die kommuniste nuwe rekrute kan werf, en die gevolglike verergering van die kommunisme skep die aas waarmee die opposisieparty by die volgende verkiesing stemme kan vang.

Maar lynreg teenoor die kommunisme staan die Ossewabrandwag.

Die Ossewabrandwag staan vir die nasionale welsynsgedagte, wat die enigste grondslag is waarop bestaansveiligheid en samehörigheid bereik kan word.

Die kommunisme is 'n materialistiese leerstelling wat alleen aanhang kan kry in 'n land waar ekonomiese disharmonie heers. In 'n land met 'n gesonde sosiaal-ekonomiese orde kan kommunisme nooit ingang vind nie.

Die sosialistiese rigting van die O.B. bied die enigste en lewenskragtigste teenvoeter vir die kommunisme. Hierdie idee kry praktiese gestalte deur die beroepe te organiseer en aan hulle seggenskap te gee in die landsbestuur.

Komdt. Laubscher het verklaar dat die O.B. 'n magtige politieke faktor is in ons land.

Die verdeeldheid eie aan die party-politiek, lok nie alleen skerp teenkating uit by 'n volk wat verlang na eenheid nie, maar die politieke partye self is kwynend as gevolg van 'n totale gebrek aan geesdrif by die eie lede.

Die Volksfront van die O.B. vind oral byval as 'n praktiese metode om die stem van die volk te verneem. Die noodsaaklikheid van 'n Volksfront instede van mekaar-bevegtende partyfronte, slaan in. Die beroepsgrondslag van die Volksfront wek groot geesdrif.

In 'n demokratiese Suid-Afrika wat magteloos staan en babbel oor sy groeiende problemelas en wat paaiend die kommunistiese uitdaging probeer stilmaak, staan die O.B. soos 'n rots, geïnspireerd deur sy heilsame koers.

Die nag sak toe oor partye in Suid-Afrika.

Die toekoms lê oop vir die Ossewabrandwag. Sy wapen is sy gesonde beleid. Sy inspirasie die stryd en opoffering van die wrede oorlogsjare.

ELKE AFRIKANER SAL HIERDIE ROMAN WIL BESIT

!!

ONS BOU 'N STAD

deur FRITZ STEYN

(Skrywer van „Penkopkommando”, „Die Wildsboudjie” ens.)

8/6 (POSGELD 6d.)

Hierdie verhaal is die bewoë geskiedenis van jong Afrikaanse mense wat hulle, soos Voortrekkers van 'n nuwe tyd, in die volheid van die stadslewe ingewerp het om dit hulle eie te maak. • Saam met Chris Meyer se ervarings van hart en liggaam, word die boeiende geskiedenis van sy nadere vriendskap se wisselende lewenslot verhaal en al die karakters en gebeure saamgevoeg tot een enkele en bekoorlike patroon. Vooraanstaande kritici sê die volgende i.v.m. hierdie werk: „Ek het die baie bladsye met die hoogste spanning gelees.... Die skrywer het styl. Ons word telkens deur sy rypheid, ook op dié gebied, getref. Ek kan nog baie meer oor hierdie merkwaardige boek sê, maar dit sal alles gunstig wees”.

Ons verwag 'n geweldige aanvraag vir hierdie merkwaardige Roman. Bestel u Eksemplaar VANDAG.

TWEE NUWE F.C.S.V.-UITGAWES:

OP DIE VOORPUNT VAN DIE TYE

deur Prof. J. D. du Toit, Ds. I. D. Krüger, Prof. L. J. du Plessis, Prof. J. C. van Rooy, Prof. H. G. Schulze, Prof. J. C. Coetzee, Prof. H. G. Stoker 3/3 posvry.

Die inhoud van hierdie boek gaan oor die sentrale tema: „HET DIE CALVINISME VIR ONS IN SUID-AFRIKA VANDAG NOG AKTUELE BETEKENIS?”

MOEDERTAAL EN TWEETALIGHEID

deur dr. P. J. Meyer 2/- posvry.

Hierdie werkie behandel Die Wese van die Taal, Volk en Taal, Individue en Moedertaal, Taal en Geestesvorming, Tweetaligheid, Moedertaal en Tweetaligheid in Suid-Afrika.

NUWE ROMANS:

- **HIERDIE RYKDOM**
deur MAREKA 6/10 posvry.
- **DIE DAMWAL**
deur JOCHEM VAN BRUGGEN 10/- posvry.
- **DIE VERDWYNENDE GETUIENIS**
deur RUDOLF MEIRING 4/- posvry.
- **LEWENSPAARIE**
deur MASSIE MULLER 4/- posvry.
- **MOORD VOLGENS PLAN**
J. VAN ELDERS 4/- posvry.

Nou weer verkrygbaar:

AFRIKAANSE KINDER-ENSIKLOPEDIE

Deel I en II 26/6 stuk (posvry).



PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29

STELLENBOSCH

Geklassifiseerde Advertensies**GEBOORTE**

HIBBERT. — Aan H/Komdt. en mev. A. W. Hibbert (Engela Venter) 'n fris dogter op 6 Julie.

HUWELIK

ANDERSON—HEYNS. — Ons twee, Lettie en Gibs, maak bekend aan familie en Brandwagte dat ons D.V. trou op 17 Julie, om 9.30 v.m. in Bethlehem-Wes Kerk. Geen kaartjies, geen resepsie. Telegramme: Elvina, Bethlehem.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie. **S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK** (Jannie Cille, Besturende Direkteur) Voortrekkerweg, Maitland. Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

AKSIE! Handhaaf u eie taal! Stuur u naam, adres en 2/6d. ledigheid (vir eerste jaar) om lid te wees van die Handhawer-Organisasie aan: **SEKRETARIS, Handhawer-Organisasie, Posbus 180, Stellenbosch.**

DOODVONNIS AAN SKAALFESTE!!! — Spuit u vrugtebome met HORTOIL Winter-spruitmiddel, 1 op 35 dele water voor einde Julie. 10/6 per gelling. 40/- vir 4 gellings. **K.M.B. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, Johannesburg.**

GRYSHARE binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, deur „DIE BOEREVROU“ se **ANTIGRYS HAAR-EKSTRAK.** 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. — Skryf: „DIE BOEREVROU“, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

SOOMSTEEK-EN PICOT-RANDJIES netjies gedoen teen 5d. per jaar. Gare voorsien. — **MEV. H. J. STEYN, Joubertstraat 37, Vasco.**

BETREKKING VAKANT

BENODIG. — Goelie blokman, eerlik, sober en betroubaar. Beginsalaris £10 per maand plus lewenskoste-toelaag. Vooruitagte: kan na ses maande slaghuus oorneem. — **GERT VAN ROOYEN, Posbus 41, Uniondale.**

BETREKKINGS GEVRA

LOSGETALE GEINTEREERDE met gesin soek 'n betrekking in algemene handelaars- of slagersbesigheid; het omtrent vyf jaar ondervinding van albei soorte sake-ondernemings. — Doen aansoek en vermeld salaris by: **J. D. FREY, Klaarstroom.**

BENODIG

BENODIG. — Persoon om krulprekker te bestuur vir landboukontraakteur. Iemand met kennis sal voorkeur kry. Moet eerlik en betroubaar wees. Beginsalaris £16 per maand. — Skryf aan **KRIEL SE GARAGE, Rawsonville, Foon 42.**

PLASE TE KOOP

VAALRIVIER. — Te koop, ongeveer 5-6 myl van Schoemansdorp, distrik Vrededorp, 356 morge van die plaas Asvoelrand; met opstal en buitegeboue, 'n boorgat en windpomp, en verdeel in ses kampe. Middelende omtrent 5-6 sakke saad; omtrent 400 tree rivierfront. Bale goeie weiding, £8-10-0 per morg. — Doen aansoek by die ondergetekende, **GORDON TOMLINSON, Vrededorp.**

TE KOOP

AARTAPPELS. — Moere en Tafelaartappels, direk van u mede-Brandwag kweker. Arran Chief- en Royal Kidney-moere, efergrootte, 30/- per sak, 153 pd.; okkerneutgrootte, 27/6 per sak, 153 pd. Tafelaartappels, 30/- per sak, 153 pd. Gewaarborg noukeurig uitgesoek. — **J. W. FERREIRA, P.K. Armansvriend, oor Palenstasie.**

BORDER COLLIES. — Hier is die hond vir dorpenaar en boer. Ouers waakeaam, getrou en baie goelie werkers. Die kleinjies sal ook so wees. Reuntjies £1-10-0, tefies £1 stuk, of £2-5-0 die paar. Gelewer op Bethlehem-stasie. — Bestel dadelik van **J. FICK, P.K. Paul-Roux.**

BRAPLOEG. — Een Ma-sey-Harris vyf-skottel-brakploe, 24 dm. borde. Nog in eerste klas toestand. 'n Ideale ploeg vir swaar werk en geskik vir 'n sterk trekker. Prys £100. Eerste tref ontvang hom. — Skryf aan: **F. W. SCHÖNBORN, Pos Blokkynkolk, oor Brandvlei, K.P.**

BULLETHIES. — Ramdam Stoetlaas bied te koop aan 4 Friesbultjies, 10-18 maande oud, 3 teen £30 stuk, een vir £20. Hierdie bultjies is nie geregistreer nie weens droogte en ander moeilikhede, maar kom van stamboek vader en moeders en is gebrand deur die bul-inspekteur. Moeders is 7-9 gelling-koeie en toets tot 4 persent bottervet. Kondisie is goed en reg vir diens. Geregistreerde bulkalwers altyd op hande van my stamboek-bul Aanvank Orpheus. Vader: Stenker Bertus. Moeder: Dayne Gerbend, by koele soos die 3½ jaar oud-koei van my wat die melktoets op Fauresmith-toetsonstelling gewen het met 66 lbs. melk. — **J. C. LUBBE, Ramdam, P.K. Michville, Foon: 240, Michville.**

DROPPERS. — Swart Wattel, geharde drop-pers, 1 x 2½ dm. dun punt, 5 vt.; ongehas £3; gebas £4-2-6; geteer £5-10-0 per 1000. Paile, 3-7 dm. dun punt, geteer, 6 vt. lank, 1½-stuk. **K.M.B. Alleen gelaat Pittville-halte.** Spoedige diens en goelie produkte. — **J. T. MARTIZ, Lothair-stasie.**

VERJAARDAGKETING

12 JULIE: Johanna Grobler, Pietersburg; Willem Pretorius, Boshoop; June Roub, Magalieskraal; Jacomina Zwart, George; Jean Botha, George; Sophie Lutz, Noorder-Paarl; Neeltje Vermeulen, Hondefontein; Ockert Engelbrecht, Marchand; Anna van Niekerk, Wynberg.

13 JULIE: Hendrik Fourie, Leeuwkloof; Maria Venter, Oos-Londen; Stephanus Slabbert, Hugenoot; Winefred Minnie, Commando-kraal; Dorothea van Deventer, Bellville.

14 JULIE: Frans van Eck, Beaufort-Wes; Frans Marais, Komtini; Anna Snyman, Merweville; Helena Tredoux, Tervlei; Koele Linde, Ruytersbosch; D. M. Nel, Somerset-Oos; Ockert du Toit, Wellington; Petrus Bekker, Kirkwood; Arthur Harris, Tervlei; Dorothea Smit, Witkop; Gielie Tredoux, Malmesbury.

15 JULIE: Aletta Lombard, Malmesbury; Cornelia le Roux, Fraserburg-Weg; Jan Nieuwoudt, Mariboko; Stephanus du T. v. d. Walt, Groenpunt; A. C. Terblanche, Rustenburg; Magdalena Buurman, Bethlehem; Reiner Fortmann, Harburg; Andries van Schalkwyk, Philippolis.

16 JULIE: Anna Brits, Koedoesfontein; Gerhardus van Zyl, Potchefstroom; E. A. Scheepers, Ganskuil; A. H. du Preez, Makoppa; Hendrik Venter, Potsdam; Wynand Louw, Tamboerskloof; Hester van Wyk, Stellenbosch; Nicolaas Swanepoel, Beaufort-Wes; Hilda Kruger, Noorder-Paarl; Bessie du Toit, Sutherland; Augusta Potgieter, Kirkwood; Wilhelmina de Villiers, Noorder-Paarl; Ria Schoeman, Grootfontein; Mariëna Viviers, Beaufort-Wes; Martha du Plessis, Maitland; Piet Burger, Brandvlei; Petronella le Roux, Goudini; Herman Louw, Albert; Fanie du Kock, Marchand.

17 JULIE: Gezina Kruger, Rustenburg; H. A. S. de Klerk, Swartbos; Philippus Nel, Koedoeskop; Theunis Kotzé, Uplington; Theuna Kotzé, Uplington; Jeconiah Jooste, Daljosaphat; Magreta Malherbe, Bellville; Jacob de Ridder, Kirkwood; Philipp de Wit, Tarkastad; Glodina Myburgh, Aughrables; Gerard Bredekamp, Ceres; Hulbrecht van Zyl, Springbok.

18 JULIE: Jan Hofmeyr, Kalkbank; Thoma-lina Theron, Sutherland; Johannes Bouwer, Beaufort-Wes; Beulah Muller, Kirkwood; Johanna Scheun, Rietbron; Andries Duvenhage, Van Zylarust; Doreen de Wet, Tervlei.

GRAAD Friesbul, ongeveer 27 maande, gebrand vir Subside, goed geteel. Verkoop weens droogte. Prys £20 gelewer Colosberg-Stasie. **N. Steyn, Colosberg.**

GREENTESAAD. — Donker Detroit Beet 10/- Blomkool; Suiderkruis 20/-, Reliance 25/-, Spitz Kopkool 12/6. Koel en brons Komkommer 15/-, Tom Watson waatlemoen 16/-, Blaarsaal 22/-, Bittie Gem skorsie 12/-, Lang Wit Bos 11/-, Raap 7/6, Ule: Australiese Bruln 6/6, Kaapse Plat 10/-, „Silver King“ 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfpounde. Posvry. **K.M.B. Premier Saad-kwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

HONDE. — Drie wit-krulhaar-hondjies, twee tefies, een reuntjie. Ses weke oud, teen £1 per tefie en £1-10-0 vir die reuntjie. Kontant met bestelling. — **MEV. C. K. OLIVIER, Bus 52, Kestell.**

HONDJIES. — Vyf Rirug (Rhodesian Ridgeback) Reuntjies uit vol geregistreerde bonde. Van beste bloed in land. Prys £10 stuk. Ook binnekort vermag Kelpie Collie skaaphondjies, reuntjies £2, tefies £1-10-0. By mev. Jan Haarhoff, Posbus 115, Graaff-Reinet.

JUKKE. — 5/- elk. Swingels 4/8 stel. **K.M.B. Doen aansoek: H. Gerber, Bus 127, George.**

KARPERDE. — Een paar goedgeleerde Karperde, donkerbruin met wit neuse. Ses en sewe jaar oud. Ongeveer 14 hande hoog. Geskik in die tuig en onder die saal. In pulk kondisie. Prys £45, gelewer in die trok Carolina-stasie. — Doen aansoek by: **W. J. BEZUIDENHOUT, Souterstraat, P.K. Carolina, Transvaal.**

KUIKENS. — R.I.R. dagoud kulkens teen £6-10-0 per 100. Leghorns, dakoud, teen £6-10-0 per 100. **K.M.B. Almal Riverbend Stud Poultry Farm, Tome gewaarborg B.W.D.-vry. Verkoopbaar vanaf 1 Sept. tot einde November.** — Van M. W. BEZUIDENHOUT, Groube Hill Farm, Meisieshall, Oos-Londen.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria, Posbus 1359, Foon 2-0194.**

PATATS. — 16/- per sak. **V.O.S. Weenen.** Kontant moet bestelling vergesel. — **M. J. HEINE, Weenen, Natal.**

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septeiese tenke, pilare, vloertels, voertroe. Enig-ties in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgietersstraat 268, Pretoria.**

20.000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen £6-10-0 per 100 **K.M.B. of K.B.A.** Almal gebroel van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teurstelling te voorkom, van: **H. B. Malan, Weltevrede Plumvoo-plaas, P.K. Kerafontein, Paarl, Foon 6203.**

WYNE

5 GELLINGS Muscadell-keur: £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 Gelling Roof of Wit Muscadell-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Roof Soet Muscadell £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadell £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn ge-lewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet terug-gesuur word. **J. O. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

Uitgegeef deur Voorlag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Elektro-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

W. V O I G T (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiings-masjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

ROOIBOSTEE

Spesiaal Gekweek SUIWER

CEDERBERG-ROOIBOSTEE

Bestel direk van die Verpakker

A. J. Mouton,

GELUKWAARTS — CITRUSDAL, K.P.

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,

Begravnisversekernars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te

stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MOERMARK (Posbus 7185) NEWTON**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT

MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210.

Foon 2-8806.

MARKAGENTSAP**VROEE MOER-MARK****KAAPSTAD****BETALING GESKIED ONMIDDEL-****LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS****OF SOOS VERLANG.****BESTE HEERSENDE PRYSE.****MINNAAR & VAN SCHOOR**Eienaars: **GUSTAV RETIEF.**

Telefoon 2-0212.

KINKHOES?

Hierdie moorddadige siekte, sowel as brongitis, slyme, borskoue, aanhoudende hoest en koersigheid word gou genees deur

VINDEX HOESMIDDEL

U sal verbaas wees hoe spoedig hierdie ou beproefde boerernat en huls-middel die siekte kalmeer en jonk. By uitatek geskik vir oud en jonk.

STUUR DADELIK 3/6 VIR 'N PROEFBOTTEL EN OORTUIG USELF.**VINDEX****POSBUS 3446 — KAAPSTAD****HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE**

Posbus 660

JOHANNESBURG

ROSE is skaars, maar „HERHOLDT“ se keurige versamelings bestaande uit wêreldberoemde soorte in pragvolle kleursakerings, verwesenlik die drome van u verwagtings.

Vrugtebome en Wingerdstokke wat groei, dra en tevrede stel. Bestel nou en voorkom teleurstelling.

Pryslyste vry op aanvraag.

Regering deur Onder-soek Na Onderzoek

„Dit word gewoonte by hierdie wonderlike regering om al die dinge waarmee hy geen raad weet nie — en dit is omtrent almal — na 'n kommissie te verwys vir ondersoek en dan so'n kommissie se verslag nogmaals deur 'n ander kommissie van vooraf te laat ondersoek“.

So lui die aanhef van 'n hoofartikel van Die Volksblad. Dit openbaar die waarheid van die O.B. se aanklag teen die magtelosheid van die partypolitieke parlement. Omdat parlementselede verkies word op grond van hul party-verdienste en nie op grond van hul kennis van besondere sake nie — en dus onkundig is — is die parlement verplig om alle vraagstukke na kommissies te verwys. Daarna is die verslag van die kommissie nog so bo hul vuurmaakplek dat hulle 'n nuwe kommissie moet aanstel om die verslag van die ander te ondersoek! So word geregeer in 'n partypolitieke demokrasie!

In die O.B.-staat waarin alle be-roepe by die regering verteenwoordig sal wees, is sulke kommissies oorbodig, want die regering het dan deskundige advies van alle belange byderhand. Bespreking in die be-roepsraad (of gemeenskapsraad) sal dan toegespits wees op die vraagstuk self en nie op propaganda-makery vir twee of meer twistende politieke partye nie.

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silber bekere en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsiale Wynskou.

PRYSLYS:

	Per Bottel in 12 Bottels	Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies
WYNBOORTE:		
Spesiaal (Soet)	2/6	11/-
Wit Jeripigo	1/9	8/6
Rooi Jeripigo	1/9	8/6
Malmsey	1/9	8/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hock	1/7	7/6
Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Sjerrie	1/6	7/-
Ou Bruin Sjerrie	2/8	—
BRANDEWYN:		
Eureka	8/6	—
A 1	8/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
Crème de Menthe (Peperment)	7/6	—
Any	6/6	—
Gemmer	6/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—
„COCKTAIL“	4/-	—
Vermouth (Franse en Italiaanse tipes)	2/9	—

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgewaak van enige verskeldende wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kassie van 12 bottels is. Moerkonfy word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bus-haltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel n.l. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kassie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEE INHOUDERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van **EXCELSIOR WYNMAKERY**, (Eien. John Schoeman) Posbus 1, Foon 902. Telegr.: **EXCELSIOR VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**